




# **HOËRSKOOL OOS-MOOT**

## **WEERLIGVEILIGHEIDSBELEID**

**Beleid vir die Beskerming van Leerders,  
Personeel en Besoekers tydens  
Weerligstorms**

## INHOUDSOPGAWE

|     |                                                       |   |
|-----|-------------------------------------------------------|---|
| 1.  | TITEL VAN DIE BELEID                                  | 3 |
| 2.  | INWERKINGSTREDINGSDATUM                               | 3 |
| 3.  | DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING                         | 3 |
| 4.  | WYSIGINGSGESKIEDENIS                                  | 3 |
| 5.  | DOEL                                                  | 3 |
|     | 5.1 Riglyne                                           | 3 |
|     | 5.2 Toepassing                                        | 3 |
|     | 5.3 Wetlike raamwerk                                  | 3 |
| 6.  | WEERLIGGEVAAR: FEITE EN STATISTIEKE                   | 3 |
|     | 6.1 Weerlig in Suid-Afrika                            | 3 |
|     | 6.2 Gevare van weerlig                                | 4 |
|     | 6.3 Hoë risiko aktiwiteite                            | 4 |
| 7.  | VEILIGHEIDSRIGLYNE                                    | 4 |
|     | 7.1 Die 30-30 reël (indien geen selfoon/rekenaar nie) | 4 |
|     | 7.2 Moderne weer- en weerlig-toeps                    | 4 |
|     | 7.3 Veilige skuiling                                  | 5 |
|     | 7.4 Indien GEEN skuiling beskikbaar is nie            | 5 |
| 8.  | VERANTWOORDELIKHEDE                                   | 5 |
|     | 8.1 Skoolhoof                                         | 5 |
|     | 8.2 Weermonitor (aangewese persoon)                   | 5 |
|     | 8.3 Afrigters en opvoeders by buitemuurse aktiwiteite | 6 |
|     | 8.4 Leerders                                          | 6 |
|     | 8.5 Ouers                                             | 6 |
| 9.  | NOODPROSEDURES                                        | 6 |
| 10. | KOMMUNIKASIE                                          | 6 |
| 11. | NOODHULP                                              | 6 |
| 12. | OPLEIDING EN BEWUSTHEID                               | 7 |
| 13. | TOERUSTING EN HULPBRONNE                              | 7 |
| 14. | DOKUMENTASIE EN VERSLAGDOENING                        | 7 |
| 15. | REGSAANSPREKLIKHEID EN VERSEKERING                    | 7 |
| 16. | GOEDKEURING                                           | 7 |
|     | AANHANGSEL A: Weerlig en donderweer veiligheidskaart  | 8 |
|     | AANHANGSEL B: Weermonitor kontrolelys                 | 9 |

## WYSIGINGSGESKIEDENIS

| Aard van wysiging  | Datum goedgekeur |
|--------------------|------------------|
| Eerste goedkeuring | 23 Maart 2026    |
| Hersien            |                  |

## **1. TITEL VAN BELEID**

Die titel van hierdie dokument is die Weerligveiligheidsbeleid vir die Beskerming van Leerders, Personeel en Besoekers tydens Weerligstorms van Hoërskool Oos-Moot.

## **2. INWERKINGTREDINGSDATUM**

Die implementering van hierdie beleid sal effektief wees met die goedkeuring van die skoolbeheerliggaam (SBL).

## **3. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING**

Hierdie beleid sal elke drie jaar hersien word of vroeër wanneer daar 'n verandering in relevante wetgewende raamwerk of operasionele vereistes is of op versoek van die Hoof.

## **4. WYSIGINGSGESKIEDENIS**

Sien wysigingsgeskiedenis.

## **5. DOEL**

Suid-Afrika ervaar jaarliks 'n groot aantal weerligvoorvalle wat ernstige beserings en sterftes veroorsaak. Skole het 'n regsverantwoordelikheid om leerders, personeel en besoekers te beskerm teen hierdie gevaar, veral tydens buitemuurse aktiwiteite.

### **5.1 Riglyne**

Hierdie beleid verskaf duidelike riglyne en prosedures om:

- Weerliggevaar te identifiseer en te monitor.
- Buitemuurse aktiwiteite betyds op te kort.
- Veilige skuiling te verseker vir alle persone.
- Duidelike kommunikasie en besluitneming te verseker.
- Leerders en personeel op te lei oor weerligveiligheid.

### **5.2 Toepassing**

Hierdie beleid is van toepassing op:

- Alle buitemuurse skoolaktiwiteite (sport, atletiek, oefeninge, uitstappies).
- Pouses en voor-/naskool aktiwiteite.
- Buitemuurse lesse en demonstrasies.
- Skoolgebeure (sportdae, swembyeenkomste, atletiekbyeenkomste).
- Uitstappies en ekskursies.
- Alle leerders, personeel, afrigters, oueropvoeders, en besoekers.

### **5.3 Wetlike raamwerk**

Hierdie beleid is ontwikkel in ooreenstemming met:

- **Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid**, 1993 (Wet 85 van 1993)
- Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (SASA)
- **Die Nasionale Skoolveiligheidsraamwerk (NSSF)**
- Common Law Duty of Care
- Internasionale beste praktyke (NFHS, NATA riglyne)

## **6. WEERLIGGEVAAR: FEITE EN STATISTIEKE**

### **6.1 Weerlig in Suid-Afrika**

Suid-Afrika is een van die lande met die hoogste weerligaktiwiteit ter wêreld, veral gedurende die somermaande (Oktober tot Maart). Die Hoëveld-gebied, insluitend Gauteng, ervaar gereelde en intense donderstorms.

## 6.2 Gevare van weerlig

- **Direkte treffings:** Kan dodelik wees.
- **Grondstroom:** Gevaarlik tot 30 meter van trefpunt.
- **Syflitse:** Spring van voorwerp wat getref word na 'n persoon.
- **Geleier stroom:** Deur metaalheining, pype, bedrading.
- **Stootkrag:** Kan persone gooi en beseer.

## 6.3 Hoë risiko aktiwiteite

- Enige buitemuurse sportaktiwiteit (rugby, hokkie, krieket, atletiek, netbal, sokker).
- Swem **en Golf** (besonder gevaarlik!).
- Atletiekbyeenkomste op oop velde.
- Kampe en uitstappies.
- Enige aktiwiteit op oop terrein.

## 7. VEILIGHEIDSRIGLYNE

Moderne toeps kan waarsku voordat die eerste weerligslag gehoor word, wat veiliger is as die reaktiewe 30-30 reël.

Die 30-30 reël bly egter 'n eenvoudige, effektiewe handtellingsmetode en word steeds in die beleid aanbeveel as aanvulling op tegnologie.

### 7.1 Die 30-30 reël (indien nie selfoon of rekenaar byderhand het nie)

Wanneer om te skuil:

Wanneer jy die flits van weerlig sien:

- Begin tel: "een duisend, twee duisend, drie duisend..."
- Hou op tel wanneer jy donder hoor.
- **As die telling minder as 30 sekondes is**, is die storm binne 10 kilometer.
- **STAAK ONMIDDELLIK ALLE BUITEMUURSE AKTIWITEITE.**
- Soek onmiddellik veilige skuiling.

Vereenvoudigde reël:

- **As jy donder kan hoor, is jy in gevaar** - gaan onmiddellik binne!
- **As jy weerlig kan sien, is jy in gevaar** - selfs al hoor jy nie donder nie!

Wanneer om te hervat:

- Wag **30 minute** na die laaste donderslag OF weerligflits.
- Tel van voor af as jy weer donder hoor of weerlig sien.
- Moenie hervat as daar steeds donderwolke sigbaar is nie.

### 7.2 Moderne weer- en weerlig-toeps (apps)

| Toep (app)                        | Funksies                                                        | Voordeel vir skool                                                   |
|-----------------------------------|-----------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------|
| AfricaWeather                     | Storm- en weerligkaart, waarskuwings, <i>push-notifications</i> | Voorspellings, waarskuwings vooraf, effektief vir SA skole           |
| SA Weather Service / WeatherSmart | Ernstige weerwaarskuwings, amptelike data                       | Betroubare SAWS-data, primêre bron vir beleid                        |
| My Lightning Tracker & Alerts     | Werklike tyd weerlig opsporing, alarm-kennisgewings             | Onmiddellike waarskuwing as weerlig nader kom, aanvul van 30-30 reël |

| Toep (app)               | Funksies                                     | Voordeel vir skool                                                     |
|--------------------------|----------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------|
| AccuWeather<br>Windy.com | / Algemene weer, storms, radar, wolkbeweging | Bykomende waarskuwings en visualisering, aanvulling vir groter gebiede |

### 7.3 Veilige skuiling

- a) Voorkeur skuiling:
  - Substansiële geboue met bedrading en loodgieterswerk
  - Klaskamers
  - Skoolsaal of gimnasium
  - Administratiewe geboue
- b) Aanvaarbare alternatiewe:
  - Motors of skoolbusse met soliede dakke.
- c) Onveilige plekke:
  - Onder bome.
  - Oop paviljoene.
  - Tente
  - Naby water.
  - Naby metaalvoorwerpe of heinings.

### 7.4 Indien geen skuiling beskikbaar is nie

As 'n laaste uitweg:

- Hurk laag met voete saam.
- Hou hande oor ore.
- Bly weg van bome, pale en metaal.
- Versprei minstens **5–10 m** van ander persone.

## 8. VERANTWOORDELIKHEDE

### 8.1 Skoolhoof

Die skoolhoof moet:

- die implementering van die beleid verseker.
- 'n **Weermonitor** aanwys.
- verseker dat personeel bewus is van prosedures.
- die beleid gereeld hersien.

### 8.2 Weermonitor

Die Weermonitor is verantwoordelik om:

- weerstoestande te monitor.
- die **30-30 reël** of weerprogramme te gebruik.
- te besluit wanneer aktiwiteite gestaak moet word.
- noodprosedures te aktiveer.
- te bepaal wanneer aktiwiteite veilig kan hervat.

Die besluit van die Weermonitor is **finalel**.

### 8.3 Afrigters en opvoeders

Personeel wat buitemuurse aktiwiteite bestuur moet:

- weerstoestande monitor.
- leerders oor skuilings inlig.
- onmiddellik reageer op weerliggevaar.
- leerders na veilige skuiling lei.
- toesig hou totdat almal veilig is.

Wanneer weerlig of donder waargeneem word:

- staak aktiwiteit onmiddellik.
- lei leerders na veilige skuiling.
- tel leerders en rapporteer enige probleme.

### 8.4 Leerders

Leerders moet:

- instruksies van personeel onmiddellik volg.
- vinnig na veilige skuiling beweeg.
- rustig bly en by hul groep bly.

### 8.5 Ouers

Ouers word versoek om:

- die skool se veiligheidsbesluite te respekteer.
- kinders betyds te kom haal indien nodig.
- akkurate noodkontakbesonderhede te verskaf.

## 9. NOODPROSEDURES

Wanneer weerlig of donder waargeneem word:

- a) Alle aktiwiteite word **onmiddellik gestaak**.
- b) Leerders beweeg na die **naaste veilige skuiling**.
- c) Personeel **tel leerders** en verseker almal is veilig.
- d) Persone bly binne totdat die **“alles veilig”-sein** gegee word.

Aktiwiteite hervat slegs **30 minute na die laaste donder of weerlig**.

## 10. KOMMUNIKASIE

a) Noodseine

- Weerligalarm  
3 lang fluitskote of luidsprekerboodskap.
- Alles veilig  
1 lang fluitskoot of bevestiging deur die Weermonitor.

b) Kommunikasie met ouers

Indien aktiwiteite gestaak word kan die skool:

- SMS of WhatsApp kennisgewings stuur.
- ouers versoek om leerders af te haal indien nodig.

## 11. NOODHULP

Indien iemand deur weerlig getref word:

- Skakel **nooddienste** onmiddellik.
- Begin **CPR indien die persoon nie asemhaal nie**.
- Gebruik 'n **AED** indien beskikbaar.
- Behandel brandwonde en ander beserings.

- Bly by die slagoffer totdat professionele hulp arriveer.

Weerligslagoffers **dra nie 'n elektriese lading nie** en kan veilig aangeraak word.

## 12. OPLEIDING EN BEWUSTHEID

Die skool sal:

- jaarlikse personeelopleiding oor weerligveiligheid aanbied.
- leerders deur **Lewensoriëntering** inlig oor veiligheidsmaatreëls.
- gereelde **noodoefeninge** uitvoer.

## 13. TOERUSTING EN HULPBRONNE

Die skool sal voorsien in:

- eerstehulpkissies by sportgeriewe.
- selfone of kommunikasietoerusting vir noodsituasies.
- fluitjies vir afrigters.
- toegang tot weer- en radarprogramme.

## 14. DOKUMENTASIE EN VERSLAGDOENING

Die skool hou rekord van:

- weerwaarnemings en besluite.
- enige voorvalle of beserings.
- noodhulp wat toegedien is.

Voorvalverslae word bewaar volgens skool- en departementele vereistes.

## 15. REGSAANSPREEKLIKHEID

Die skool het 'n **Duty of Care** om leerders teen voorsienbare gevare te beskerm. Personeel moet hierdie beleid volg om veiligheid te verseker en risiko te verminder.

## 16. GOEDKEURING

|                                   |       |               |  |
|-----------------------------------|-------|---------------|--|
| Aanbeveel deur<br>Hoof            | Naam: | Handtekening: |  |
| Datum:                            |       |               |  |
| Goedgekeur deur<br>SBL Voorsitter | Naam: | Handtekening: |  |
| Datum:                            |       |               |  |

## AANHANGSEL A

### WEERLIG EN DONDERWEER VEILIGHEIDSKAART

| Kategorie                             | Instruksies / inhoud                                                                                                                                                                                                                                                                   |
|---------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Wanneer om aktiwiteite te staak       | <ul style="list-style-type: none"><li>• Jy hoor donder (enige afstand).</li><li>• Jy sien weerlig (selfs ver weg).</li><li>• Tel tussen weerlig en donder &lt; 30 sekondes of gebruik 'n weerligtoep.</li><li>• Donker wolke nader vinnig.</li><li>• Weermonitor gee opdrag.</li></ul> |
| Veilige skuiling (volgorde)           | <ul style="list-style-type: none"><li>• Skoolklaskamers/gebou.</li><li>• Skoolsaal / gimnasium.</li><li>• Harde top motor / bus (laaste uitweg).</li></ul>                                                                                                                             |
| Onveilige plekke – moenie gebruik nie | <ul style="list-style-type: none"><li>• Onder bome.</li><li>• Oop paviljoene.</li><li>• Naby metaal (doelpale, heining).</li><li>• Naby water (swembad).</li></ul>                                                                                                                     |
| Wanneer om aktiwiteite te hervat      | <ul style="list-style-type: none"><li>• 30 minute ná laaste weerlig/donder.</li><li>• Weermonitor gee goedkeuring.</li><li>• Geen donker wolke sigbaar.</li></ul>                                                                                                                      |
| Noodkontakte                          | <ul style="list-style-type: none"><li>• Weermonitor: _____</li><li>• Skoolhoof: _____</li><li>• Nooddienste: 112 / 10177</li></ul>                                                                                                                                                     |

## AANHANGSEL B

### WEERMONITOR KONTROLELYS

|                      |                                                                                                                                                                                                                                                            |
|----------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tyd / fase           | Take / kontrolepunte                                                                                                                                                                                                                                       |
| Datum / Weermonitor  | DATUM: _____<br>WEERMONITOR: _____                                                                                                                                                                                                                         |
| Oggend               | <ul style="list-style-type: none"><li>• Weervoorspelling nagegaan.</li><li>• Identifiseer risiko-tye.</li><li>• Afrigters / opvoeders ingelig.</li><li>• Selfoon battery gelaai.</li><li>• Weertoep gereed.</li></ul>                                      |
| Tydens aktiwiteite   | <ul style="list-style-type: none"><li>• Monitor weer gereeld (elke 30 min.</li><li>• Kyk vir donker wolke.</li><li>• Luister vir donder.</li><li>• Kyk vir weerlig.</li><li>• Tel sekondes (30-30 reël).</li></ul>                                         |
| Indien weerlig nader | <ul style="list-style-type: none"><li>• Skakel afrigters (vroeë waarskuwing).</li><li>• Aktiveer alarm (indien &lt; 30 sekondes).</li><li>• Verifieer almal is veilig.</li><li>• Hou logboek by.</li><li>• Monitor vir 30 min ná laaste weerlig.</li></ul> |
| Na storm             | <ul style="list-style-type: none"><li>• Inspekteer terrein vir gevare.</li><li>• Gee "alles veilig" sein.</li><li>• Voltooi logboek.</li><li>• Rapporteer enige voorvalle.</li></ul>                                                                       |

# WEERLIGVEILIGHEID

HOËRSKOOL OOS-MOOT

## DIE 30-30 REËL

- 1 BEGIN TEL:**  
"Een duisend, twee duisend..." 
- 2 STOP WANNEER JY**  
**DONDER HOOR** 
- MINDER AS 30 SEKONDES?**   
**GAAN ONMIDDELLIK BINNE-IN!**

## ONTHOU

-  **As jy DONDER KAN HOOR**
-  **As jy WEERLIG KAN SIEN**
- IS JY IN GEVAAR!**  

## WAAR OM TE SKUIL

- ✓ Skoolgeboue
  - ✓ Klaskamers
  - ✓ Skoolsaal / Gimnasium
  - ✓ Motor / Bus met soliede dak
- 

## WANNEER TERUGGAAN?

 **30 MINUTE** ná die laaste donder of weerlig

 **Slegs wanneer personeel sé DIS VEILIG** 

## MOENIE HIER SKUIL NIE

- ✗ Onder BOME
  - ✗ Oop PAVILJOENE
  - ✗ TENTE
  - ✗ Naby WATER
  - ✗ Naby METAALHEININGS
- 

 **VEILIGHEID EERSTE! GEEN WEDSTRYD IS BELANGRIKER AS 'N LEWE NIE!** 